QUEENSWOOD LAERSKOOL

Daar is vele uitdagings wat onderwysers en leerders daagliks hanteer en die ouergemeenskap het begrip daarvoor. 'n Aantal jare gelede het 'n internasionale groep 'ma's wat omgee' ontstaan. Ons laerskool het ook alreeds vir ongeveer 10 jaar gelede met 'omgee-ma's' begin maar algaande uitgebrei na omgee-pa's, -ouma's, -tannies en -kinders. Omgee-mense maak byvoorbeeld 'n verskil met voorbidding vir die skool, leiding gee by bidgroepies vir leerders, hemelvaartdae, badkamers opgradeer en meer. Ouers kan op bogenoemde en ander terreine 'n verskil maak. Die leerders **versoek** byvoorbeeld bidgroepies vir **2e pouse** ook en daarvoor is volwasse leiding nodig. Maar, nou is daar 'n NUWE uitdaging!

Op ouer-versoek is daar reeds gedurende 2011 aan die gr 4's Dinsdagoggende KINDER-EE SA aangebied. (Dis 'n interkerklike evangeliseringprogram wat kinders lei om as gelowiges te groei en uit te reik na ander.) Die oordra van christelike waardes beveg terselftertyd negatiewe tendense soos boelie en gemeenheid tussen kinders. Daar is 'n behoefte om die KINDER-EE SA-program (aanvullend tot CSV en die skool se eie christelike program) op deurlopende weeklikse basis by al die grade op elkeen se spesifieke ontwikkelingsvlak aan te bied. Daar is byvoorbeeld ook 'n posbusklub wat nasorg doen. Daarvoor benodig ons BAIE omgee-mense!

Omgee-mense kan iemand wees met 'n hart vir ondersteuning van die program wat voorbidding daarvoor doen, of help met die voorbereiding van kleiner kinders se plak-&-spoeg voorbereidingsmateriaal, of saam met ander die KINDER-EE SA-program in klasverband aanbied. Hoe kan u help?? U is dalk **self beskikbaar of u weet van iemand** wat

bereid is om betrokke te raak **by die program of ander aktiwiteite** (badkamers!). **Gee aub die inligting deur aan die onderwyser.**

Die ideal is om 5 omgee-mense PER GRAAD beskikbaar te hê sodat daar 'n reserwe-persoon beskikbaar is en 2 persone per KLAS om die weeklikse program aan te bied. **Almal wat betrokke raak, hoef nie die KINDER-EE SA-OPLEIDING te ondergaan nie. Jy kan as vrywilliger die persoon wat aanbied ondersteun of weekliks leiding kry oor die volgende week se les. Nogtans sal dit ideaal wees as daar uit al die betrokkenes by SKOOL minstens 4 persone is wat bereid is om die volledige opleidingsprogram te ondergaan.**

Daar word 'n volledige KINDER-EE SA-OPLEIDINGSPROGRAM aangebied by die NG-gemeente Pierneefrant vanaf 27 – 31 Januarie 2012. Kontakpersone vir navrae oor die opleiding is Emi Wasserman (tel 083 478 4577) en Marietjie Vilonel (tel 082 408 2574). Die opleidingskoste beloop R250 per persoon en R100 vir etes/koffie/tee. Opleiding duur Vrydagaand ongeveer 18:00 – 21:00, Saterdag 08:00 – 16:00, Sondag 11:00 – 16:00, Maandag en Dinsdagaande vanaf 18:00 – 21:00.

U kan ook vir Wilma Claassen (tel 012 333 4013 of 082 510 4500) kontak vir meer besonderhede maar bied aub SO SPOEDIG MOONTLIK u hulp aan by die onderwyser waar jou kind tans is.

Groete

MA'S WAT OMGEE